

Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org



Die God van heerlijkheid en die geboorte en lewe van die kerk

*Reeks preke oor die openbaring van die God van heerlijkheid,
Christus, in die lewe van Abraham*

Dr AH Bogaards

2012

Preek 5

Lees: Gen.13:14-14:24; Hebreërs 7:1-11

Teks: Gen.14:18-20 (Reeks Abraham nr.5)

Datum: 6 Mei 2012

Psalms: Ps 118:1,2; Geloofsbelydenis; 118:3,4; 118:5,6; 118:7,8

1. Inleiding

Hoeveel kere gebeur dit nie: Ons kom in die kerk, ons hoor 'n besondere en 'n blye boodskap en - gaan ons uit die kerk, dan word ons juis op daardie punt deur Satan in die versoeking gelei? Dit gebeur ook soveel keer met my as predikant: dat ek juis op daardie punte, oor die dinge wat ek gepreek het, in die dae daarna so hewig aangeval word.

Ek noem vir u u enkele voorbeelde:

- U het miskien een Sondag 'n preek gehoor van God se besondere sorg, dat Hy u Vader is en dat Hy elke dag aan ons wil gee wat ons nodig het vir liggaam en siel. En u vind dit besonder troosryk. Maar net in die nuwe week kom daar die vreeslikste finansieële bekommernisse op u weg. En Satan bring u in die versoeking om te dink: Ek moet self sorg dat daar uitkoms kom. Ek self! En u dink nie meer aan die mooi preek waarin u geleer is dat u 'n Vader in die hemel het wat sê: EK, die HERE, Ek sal vir jou sorg nie.

- 'n Ander voorbeeld: Die verlossingswerk van Christus word in al sy heerlikheid aan u verkondig: dat Hy ons verlos van die skuld en die mag en die gevolge van die sonde; dat Hy sy kerk bewaar en sal bewaar en dat sy kerk by Hom en by Hom alleen veilig is. Maar skaars is u uit die kerk en u maak al weer staat op u eie vroomheid en krag. Skaars is ons uit die kerk en ons begin twyfel oor die veiligheid en voortbestaan van die kerk en ons begin dink dat ons self vir ons kerk, vir ons kinders se geestelike veiligheid moet sorg. Ja, juis op die punt waaroor gepreek is, lei die Satan u in versoeking.

Dit sien ons óók gebeur in die lewe van Abram.

Maar ons hoor óók:

- hoe **die Here Self** Abram versterk in sy versoeking en
- hoe Abram, met die hulp van die HERE, die versoeking oorwin.

Daarom is hierdie geskiedenis vir ons besonder leersaam in ons versoekings, want hier wys God ons die weg tot triomf oor die verleiding van die Satan.

In verband met hierdie geskiedenis van Abram let ons op:

1. die versoeking;
2. die versterking in die versoeking; en
3. die antwoord op die versoeking.

2.1. Die versoeking

So pas, in Genesis 13 vers 15 en 17, het Abram van die HERE Self te hore gekry: ... **die hele land wat jy sien, sal Ek aan jou gee en aan jou nageslag tot in ewigheid.** Die hele sin, elke frase daarvan, het besondere nadruk: **die hele land wat jy sien, vir jou en vir jou saad** en **Ék sal dit gee.** Alles word beklemtoon. Maar - die laaste het nog die meeste klem: **Ék sal dit gee.**

So pas was Abram by wyse van spreke in die kerk. So pas het hy die blye boodskap gehoor: **Ék, Ék die HERE,** sal die hele land Kanaän aan jou gee; Ek sal dit doen. So pas het dié woorde uit die mond van die HERE weerklink, of die versoeking kom op hom af om te dink: **ék** het die oorwinning behaal; **ék, Abram, ék** sal sorg dat hierdie woord waar word.

Kom ons kyk met aandag na die geskiedenis van Genesis 14. En by voorbaat vestig ek u aandag op die woorde van Melgisedek aan Abram in vers 20: **Geseënd is God, die**

Allerhoogste, wat u vyande in u hand gegee het. Daarmee sê die HERE by monde van sy gesant aan Abram: Die oorwinning was van die HERE en nie danksy Abram nie.

In Genesis 14 word vertel dat 'n sekere Kedor-Laomer, die koning van Elam, met drie bondgenote vyf van die stadskonings van Kanaän, die konings van Sodom, Gomorra, Adma, Seboim en Soar, aan hom onderwerp het. Vir twaalf jaar het dié oorheersing geduur, maar in die dertiende jaar het hierdie Kanaänitiese konings teen Kedor-Laomer in opstand gekom. Die uiteinde van die konflik was dat Kedor-Laomer en sy bondgenote die konings van Kanaän verpletterend verslaan het. Al die goed en voedsel van Sodom en Gomorra is ook buitgemaak en weggevoer.

Dit was 'n oorlog wat ook Abram direk geraak het. Immers, Lot, sy broerskind, het in Sodom gaan woon en in vers 12 lees ons: Kedor-Laomer en sy bondgenote **het ook Lot, Abram se broerskind, en al sy goed geneem en weggetrek**. Ag, arme Lot! Hy het agter die begeerte van sy oë aangetrek. Maar nou het hy alles, al sy goed en sy vryheid daarby, verloor. Hoe tydelik en verganklik het die aardse rykdom nie geblyk te wees nie.

En nou kon Abram maklik geredeneer het: Ja, Lot, jy het baie lelik met my gemaak; jy het eerste gekies, al was ek ouer as jy en jy het die beste vir jouself gevat en die slegste vir my gelaat. Nou moet jy maar self sien en kom klaar. Nou help ek jou nie. Is dit nie hoe ons dikwels maak met mense wat ons te na gekom het nie?

Abram kon ook geredeneer het: My liewe Lot, jy het self gekies vir Sodom. Jy het goed geweet wat se slegte stad dit is. Dat jy nou in die moeilikheid is, is jou eie skuld. Sorg nou maar self dat jy daaruit kom. En dink ons nie baie maal ook maar so ten opsigte van 'n broeder of suster wat as gevolg van eie skuld in die moeilikheid beland nie?

Maar so maak Abram nie! Hy bly Lot sy broer noem en hy mobiliseer sy weerbare manne om Lot te gaan bevry.

En - Abram behaal 'n klinkende oorwinning en Lot word bevry. Deur die hand van die HERE – let wel!

Maar nou die **VERSOEKING**: in die oorwinning het daar vir Abram 'n geweldige versoeking gelê. Hy was nou in die oë van die Kanaäniete 'n geëerde man. Immers, hy het die verdrukke stede verlos van Kedor-Laomer, hy met sy skitterende leër, en hy het die gevangenes en die buit teruggebring. Onder die Kanaäniete sou hy sekerlik voortaan bekendgestaan het as Abram die geweldige, Abram die oorwinnaar oor die wêreldryk.

U begryp dat die versoeking groot was. Pas het die HERE aan hom verkondig: **EK, Ek die HERE, Ek sal die land Kanaän vir jou gee; Ek sal dit doen** – en dit het die HERE hom ook laat sien in die oorwinning oor Kedor-Laomer. Maar nou was die verleiding vir Abram baie groot om te dink: Ek het die oorwinning behaal, sonder God; ek kan self sorg dat die landsbelofte in vervulling gaan.

Dit is iets wat ons almal van nature graag wil doen: op eie bene staan. Ons wil nie afhanklik wees nie, ook nie van God nie. Sedert die sondeval sit dit in ons almal se natuur: dat ons soos God wil wees, dat ons vir onself wil sorg. Liggaamlik én geestelik.

Abram het die beloftewoord van Christus gehoor. EN hy het die oorwinning van Christus aan eie lyf meegemaak. Wat 'n preek. MAAR nou gaan hy juis op hierdie punt versoek word.

2.2. Die versterking in die versoeking

In vers 17 en verder hoor ons van twee ontmoetings wat Abram gehad het na sy oorwinning: 'n ontmoeting met die duiwel en 'n ontmoeting met Christus.

- A. Die eerste ontmoeting, die ontmoeting met die duiwel, vind plaas in vers 17. Die koning van Sodom kom na Abram toe. Agter hierdie hele geskiedenis moet u die duiwel aan die werk sien. Dit is Satan se skuif op die skaakbord. Hy stuur die koning van Sodom. Hy moet Abram aanmoedig om te dink dat hy die oorwinning behaal het en om nie meer te leef uit die hand van God alleen nie.
- B. Maar voordat die duiwel tot aksie kan oorgaan, gryp God in. 'n Tweede ontmoeting vind plaas. 'n Ontmoeting met Christus kan ons gerus maar sê. Melgisedek, die koning van Salem, kom Abram tegemoet. Uit die bloute uit. Voordat die koning van Sodom sy mond kan oopmaak, verskyn Melgisedek op die toneel. Die koning van Sodom se gesprek, sy ontmoeting met Abram, word onderbreek. Dit is God se skuif en met die skuif sit hy Satan skaakmat. Ons kan die oorspronklike miskien beter so weergee: die koning van Sodom kom na Abram, **maar** Melgisedek ... (v18). **Maar** Melgisedek! Dit is die MAAR van God se reddende, ingrypende genade: voordat sy kneg kan val, steek God sy hand uit in die persoon van Melgisedek. Melgisedek is sy gesant; Melgisedek is gestuurde van God.

In die Hebreeus word die verskyning van Melgisedek so weergegee, dat ons hierdie ontmoeting moet verstaan as noodsaaklike agtergrond van die ontmoeting van Abram met die koning van Sodom en Abram se reaksie op die aanbod van die koning van

Sodom. Om dit nou maar so te sê: Deur en danksy hierdie ontmoeting maak Abram die regte keuse, wanneer hy die gesprek met die koning van Sodom hervat. Die ontmoeting met Melgisedek is die geheim, die verklaring van Abram se regte optrede teenoor die koning van Sodom. Dit bepaal Abram se optrede.

Wie was hierdie Melgisedek? Daar kan baie oor hom gesê word, maar ek wil volstaan met die opmerking: hy was 'n afbeelding van Christus, 'n heenwysing na die groot Verlosser-koning wat sy volk sou kom red deur homself as priester te offer. Ons Here Jesus is Koning en Priester tegelyk, soos Melgisedek dit ook was.

Ons kan dus gerus sê: Abram het in ontmoeting met Christus gehad. In die persoon van Melgisedek het hy te staan gekom voor die Seun van God. Agter Melgisedek staan Christus Self.

Hoe red Melgisedek Abram van die helse verleiding? Dit lees ons in vv.19-20. Wat Melgisedek sê, sy Woord, plaas Abram se oorwinning in die regte perspektief:

1. In die *eerste plek* seën hy Abram: ***Geseënd is Abram deur God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde.*** Daarmee vestig Melgisedek Abram se aandag op die seën van God en dat Abram alleen danksy die seën van die HERE die land van seën sal beërwe.
2. In die *tweede plek* kom Melgisedek met 'n lofprysing. Hy maak die HERE groot deur te sê: ***En geseënd is God, die Allerhoogste, wat u vyande in u hand gegee het.*** Daarmee sê Melgisedek vir Abram: die oorwinning was nie jou oorwinning nie, maar God s'n; daarom sal jy die land ontvang alleen deur sy hulp

As Nuwe Testamentiese gelowiges weet ons hoe die HERE die ewige Kanaän vir ons verkry het. Dit was alleen danksy die oorwinning van sy Seun aan die kruis, op die slagveld van Golgota. Daar het Hy die ou slang se kop verpletter. Daardie oorwinning was voluit God se oorwinning en syne alleen. Hy alleen het ons doodsvyande, die sonde, die duiwel en sy ganse ryk, verslaan. Daarom: Geseënd/geloofd is God, die Allerhoogste, wat ons vyand in ons hand gegee het. Soli Deo Gloria - aan God alleen die eer! Hy en Hy alleen, Hy sonder ons, open met sy oorwinning die weg na die hemelse Kanaän.

In antwoord op die woorde wat hy gehoor het, gee Abram 'n tiende van alles aan Melgisedek. Beter gesê: hy gee dit aan God. Immers, Melgisedek was die verteenwoordiger van die HERE. Wat wou Abram daarmee sê? Wel, die tiende verteenwoordig die ganse buit en deur die tiende aan God te gee, erken Abram: die hele buit kom U toe, HERE, want die

oorwinning is van U. Hy bely dus dat hy alleen deur God en nie deur eie krag die land sal ontvang. Dit wil die Here ook van ons hê: dat ons aan Hom alleen die eer sal gee vir alles.

Ons kom by die derde:

2.3. die antwoord (Abram se antwoord) op die versoeking

Direk na Melgisedek kom die koning van Sodom, kom die Satan aan die woord. Hy sê vir Abram: *Gee my die mense, maar neem die goed vir uself.*

U moet die teenstrydighede en leuens in die woorde van die koning van Sodom sien:

- Enersyds erken hy dat Abram die oorwinnaar is. Daarom sê hy: Gee, *gee my die mense.*
- Maar andersyds maak hy asof hy beskikking het oor die buit. Daarom sê hy: *Maar neem die goed vir uself*

Hierdie was 'n duiwelse versoeking, want as Abram hier sou toegegee het, sou hy met dié daad erken het dat hy leef uit die hand van die koning van Sodom en nie uit die hand van die HERE alleen nie. Dit was dus niks anders as die versoeking waarmee hy alreeds te make gehad het in 'n ander gewaad nie: die duiwel wil hê dat Abram onafhanklik van God moet leef.

Maar die HERE was die Satan Een voor. Een met 'n hoofletter. Is dit nie wonderlik nie? Want voordat die koning van Sodom kon kom met sy misleiding, het die HERE Abram reeds teen die versoeking versterk by monde van Megisedek, die gesant, die tipe en gesant van Christus. Hy herinner Abram daaraan dat hy alles alleen aan die HERE se seën te danke het.

In sy antwoord aan die koning van Sodom toon Abram dat hy goed na Melgisedek se preek geluister het. Want hy noem die HERE met dieselfde naam as Melgisedek: God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde. Daarmee bely Abram: nie die koning van Sodom is die eienaar van alle dinge nie, maar God. Hy is die Allerhoogste, wat beklee is met alle mag. Hy het alles gemaak. Alles is syne en alles kom van Hom af. Hy alleen maak ryk, daarom moet ons in afhanklikheid van Hom lewe.

3. Slot

Ons moet goed verstaan: Abram kon die versoeking net weerstaan het danksy die ontmoeting met Melgisedek. Deur Melgisedek skuif Christus sy Woord in tussen Abram en die woord van die koning van Sodom in. En agter daardie Woord is Abram veilig, gered. En dit geld

ook vir ons: wanneer die Satan ons versoek, kan ons net deur 'n ontmoeting met die groot Melgisedek, Christus, staande bly.

Dit is die HEER wat my gesterk het

Hy is my lied, my psamgesang (Ps 118:7 – Totius)

Die vraag is dus: Waar ontmoet ons ons Priester-Koning? Die antwoord is nie moeilik nie: Hy kom na ons toe in die Bybel en in die prediking. Lei ons nie in versoeking nie ... en dan kom Christus in die kleed van die Woord na ons toe en versterk ons teen die versoeking. Gebedsverhoring!

AMEN